

Rusland *en* Bybelprofesie



BEYOND
TODAY

BYBELSTUDIE-HULP

Inhoud

2 Die Russiese Beer Ontwaak Weer

Rusland se onlangse optrede in Oekraïne volg op 'n lang geskiedenis van imperialistiese onderdrukking. Lei hierdie gebeure die wêreld terug na die rand van kernuitwissing?

Sybank: Rusland se Geografiese Vooruitsigte

14 Waar Pas Rusland in Eindtydse Profesie?

Meer as drie dekades na die ineenstorting van die Sowjetunie in 1991, is Rusland aggressief besig om homself op die wêreld-verhoog te herbevestig, wat vrese van 'n hernude Russiese ekspansionisme verhoog. Hoe kan dit in Bybelprofesieë afspeel?

*Sybank: Gog, Magog en die Vors
van Ros, Meseg en Tubal*

26 Rusland se Invloed op Amerika en die Wêreld

Alhoewel die Sowjetunie in 1991 in duie gestort het, gaan Rusland se invloed op Amerika en die res van die wêreld voort op maniere wat min mense besef of erken.

*Sybank: Russiese en Amerikaanse Oorheersing
Voorspel deur Karakterassessering*

© 2022 United Church of God, South Africa
© 2022 United Church of God, an International Association
Oorspronklike titel - *Russia in Prophecy*
Alle regte voorbehou. Die Skrifgedeeltes in hierdie uitgawe is geneem uit die Bybel 1933/1953 vertaling, tensy anders vermeld.

Posbus 73606, Lynnwood Ridge, 0040
Telefoon: +27 79 725 9453
E-pos: unitedchurchofgod.sa@gmail.com
Webwerf: www.ucg.org.za
Internasionale webwerf: www.ucg.org

Bydraers: Victor Kubik, Tom Robinson, Mario Seiglie, Scott Ashley
Ontwerper: Mitchell Moss
Resensente: Peter Eddington, Darris McNeely, Tom Robinson, Scott Ashley

Voorbladfoto: Getty (TebNad, Papichev Aleksandr), Unsplash

Die Russiese Beer Ontwaak Weer

Rusland se onlangse optrede in Oekraïne volg op 'n lang geskiedenis van imperialistiese onderdrukking. Lei hierdie gebeure die wêreld terug na die rand van kernuitwissing?

deur Victor Kubik

In die 2012 Amerikaanse presidensiële verkiesing was die kandidaat Mitt Romney deur baie gespot toe hy Rusland as Amerika se grootste buitelandse beleidsbedreiging aangewys het. Was dit nie ou nuus met die einde van die Koue Oorlog in die 1990's nie? Maar nie so baie spot nou met die idee nie.

Tot die skok en kommer van baie het Rusland, onder leiding van president Vladimir Poetin, sy ou rol van destabiliserende provokasie opgeneem, eers Georgië binnegeval, toe die Krim-skiereiland en uiteindelik Oekraïne self. Hierdie bedrog, misleiding en openlike oorlogvoering het spanning tussen Rusland en die Weste dramaties verhoog.

Ek het sterk bande en huidige ervaring in Rusland, Oekraïne en die voormalige Sowjetunie en hou 'n wakende oog oor die stormwolke van oorlog wat oor Oos-Europa en Asië saampak.

Die geveg oor Oekraïne het gelei tot 'n groot aantal sterftes, insluitend baie burgerlikes met kinders onder hulle. Die lewens van nog miljoene het ontbind in anonieme vlugtelingstatus. En die grimige moontlikheid van 'n wêreldwye konflik op 'n skaal wat ons sedert die Tweede Wêreldoorlog nog nie gesien het nie, blyk baie waarskynliker te wees.

Met die oorname en besetting van Krim in 2014, het Rusland oorlogskepe uit die Sowjet-era verower en 'n warmwaterhawe teruggekry—vry van die beperkende mariene ys van Rusland se noordelike kus—vanwaar hy sy nuwe kernduikbote en gevegkruisers kan lanseer.

Vrede het bykans verdwyn in hierdie streek—die vurige hoop op voortgesette onafhanklikheid ná die verbrokkeling van die Sowjetunie dekades gelede is byna vernietig.

Hoe sal die konflik tussen Rusland en Oekraïne eindig? Sal dit na die Baltiese

nasies en verder versprei? Waarheen lei dit en wat beteken dit vir ons?

Verhoogde spanning tot moontlike kernuitruilery?

Die wêreld is vandag heeltemal anders as gedurende die tye van die hulpbron-dreinerende Koue Oorlog gedurende die 1950's en 60's. Destyds het die fantasievolle leerstelling van wedersyds versekerde vernietiging blykbaar kernkrag protagoniste in plek gehou, ten spyte van die Verenigde State en die Sowjetunie wat mekaar in konflikte oor die hele aarde getoets het.

Aan die begin van die 1990's het 'n verstomde wêreld toegekyk hoe die Sowjet-vlag bo-op die Kremlin laat sak is en die Russiese driekleur in sy plek gehys is. Die ondenkbare het gebeur. Die eens gevreesde en magtige Unie van Sosialis-tiese Sowjetrepublieke (USSR) het verbrokkel. Die Sowjetunie het nie meer bestaan nie en die Koue Oorlog was op 'n einde.

Maar vandag waai die hernieude winde van 'n gevaarlike toekoms wreed in ons gesigte. Vyandige nasionale sentimente het teruggekeer. Betree ons omstandighede soortgelyk aan die aanloop tot die Tweede Wêreldoorlog? Destyds, terwyl Hitler by sy bure inbreuk gemaak het met die Duitse mense wat hom aanmoedig, was niemand bereid om hom te keer nie. Ons ken almal die einde van daardie storie—'n wêreldwye verwoesting met 60 miljoen dooies.

Met Westerse nasies wat steun verleen aan Oekraïne tydens die Russiese inval, het Russiese kernsabels openlik geratel soos in die Koue Oorlog-tydperk, maar nou doen hulle dit met nuwe-generasie taktiese wapens wat naby die grense van NAVO se Oos-Europese en Baltiese nasies geplaas word.

Sal hierdie wapens gebruik word?

Thinkstock

Die laaste Sowjet-leier en 1990 Nobel-pryswenner Mikhail Gorbachev het vroeg in Januarie 2015 daarvoor kommentaar gelewer. In 'n onderhoud met die Duitse tydskrif *Der Spiegel*, het hy gewaarsku dat toenemende spanning tussen Rusland en Europese moondhede oor Oekraïne in groot konflik kan uitbreek, selfs 'n kernuitruiling.

Inderdaad, 'n voorheen ondenkbare ommekeer deur Duitsland se kanselier Olaf Scholz oor daardie land se dekades-oue pasifistiese buitelandse beleid, het die gevaar onthul wat voorlê. Benewens die kansellie van die hoogs winsgewende en lang betwiste Nord Stream 2 natuurlike gaspyplyn (wat dit moontlik sou gemaak het om Russiese gas direk na Duitsland toe te lei deur Oekraïne te omseil en daardeur te isoleer, terwyl Duitsland se afhanklikheid van Rusland vir sy energiebehoefes verhoog sou word), het Scholz aangekondig dat sy regering wapens na Oekraïne sal stuur en militêre besteding met 'n bykomende €100 miljard in 2022 sal verhoog.

Ons moet nie vergeet dat die Russiese Federasie (volgens verdrag) meer as 1,600 strategiese kernplofkoppe, wat op meer as 500 interkontinentale ballistiese missiele (IBM's) ontplooi is, duikboot-gelanseerde ballistiese missiele (DBM's) en strategiese bomwerpers handhaaf. Daarbenewens het Rusland 2,000 taktiese kernplofkoppe, waarvan sommige langs Europese grense herontplooi is. 'n Bykomende 3,700 kernplofkoppe moet nog afgebreek word.

Daar word beraam dat selfs 'n "klein" plaaslike kernkraguitruiling—beperk tot byvoorbeeld 'n enkele uitruiling tussen Rusland en Oekraïne, tussen Iran en Israel of tussen Indië en Pakistan—moontlik die hele wêreld onbewoonbaar

vir menselewe kan maak. Dink nou aan die feit dat meer as 17,000 kernwapens, wat ons van bewus is, vandag bestaan. Die Bybel praat van die tyd waarin ons leef, waarop ons binnekort sal fokus.

Terwyl baie in die Verenigde State merkwaardig onbekommerd bly oor stygende kernspanning, is die berugte Oordeelsdaghorlosie aan die begin van 2022 opgeskuif na "100 sekondes voor middernag"—middernag op die simboliese horlosie wat wêreldwye mas-savernietiging en moontlik letterlike menslike uitwissing aandui!

Die val van die Sowjet-ryk

In Desember 1991 het die wêreld met verbasing toegekyk hoe die Sowjetunie ineenstort. Byna oornag het 15 afsonderlike lande na vore gekom met byna geen bloedvergieting nie. Die Baltiese Republieke en veral Oekraïne het geen tyd gemors om hulself van die USSR se juk te bevry nie.

Hoe kon hierdie wêreld supermoondheid wat eens die ruimtewedloop oorheers het, so vinnig versplinter?

Ek het al baie keer na die streke van die voormalige Sowjetunie gereis vanaf 1967, toe ek as fotojoernalis en vertaler die 50ste herdenking van die Oktober 1917-rewolusie, wat Kommunisme gevestig het, gedek het—die oorsprong van die Sowjetunie wat kort daarna gevolg het. Ek het eerstehands gesien hoe die lewe in byna al die Oosbloklande (die nasies onder Sowjet-heerskappy) voor en na die ineenstorting van kommunisme was.

Voor die val was daar geen einde in sig aan, wat die voormalige Amerikaanse president Ronald Reagan die "bose ryk," genoem het nie. Maar ná 70 jaar het die kommunistiese bewind in duie gestort



Hoe sal die konflik tussen Rusland en Oekraïne eindig? Sal dit na die Baltiese nasies en verder versprei? Waarheen lei dit en wat beteken dit vir ons?

onder sy eie verrotting van goddeloosheid, korrupsie, onderdrukking en 'n mislukte ekonomiese stelsel.

Miljarde mense het toe makliker asemgehaal. Geen meer probleme nie, het byna almal gedink. Oordeelsdag is afgeweer! Politieke, ekonomiese en militêre alliansies was vinnig herontwikkel. In 1991 wou niemand veel nadink oor die moontlikheid van ander wêreldwye bedreigings nie. Kernuitwissing was iets van die verlede.

Maar dit was toe. Meer as 2 biljoen mense is gebore sedert die Russiese beer in 1991 in hibernasie gegaan het. Hulle het geen aktiewe herinnering aan wat in my gedagtes en die gedagtes van biljoene ander mense wat destyds geleef het, ingebrand is nie. En nou dat die vreesaanjaende Russiese beer wakker geword het, besef baie nie die gevaar nie.

Begeerte om Rusland se ryk te herstel

In Rusland is die skielike verlies van die Sowjet-ryk oornag nie vergeet nie.

Vir baie ouer Russe—voormalige Sowjetburgers—was dit 'n vernederende verlies. Vandag wil baie Russe, insluitend jonger mense, hul ryk terug hê en die legendariese grootsheid van hul land herstel. President Vladimir Poetin glo sy missie is om Rusland na sy verlede glorie as 'n globale supermoondheid te lei.


Dit is 'n grotendeels van wat in Oekraïne aangaan. Hierdie voormalige Sowjet-land wat na die Weste, na NAVO leun, laat ou veiligheidsvrese in Rusland weer opvlam. My vriende in Oekraïne het vir my gesê dat toe Rusland die Krim ingepalm het, was een van die propaganda-boodskappe dat om nie aan die Russiese besetting oor te gee nie, sou lei tot Amerikaanse missiele in die Krim wat op Rusland gerig sou word!

Soos u self kan lees of sien, word die poging om Russiese glorie en reikwydte te herstel openlik gedoen. Wat kan die wêreld doen? Hoe reageer die Weste op sulke aggressie, veral vanaf 'n kernkrag? Is daar meer Oekraïne in ons toekoms?

Die klein nasies Estland, Letland en



Die Sowjetunie (rooi) en satellietstate (pienk) voor 1989



Rusland na 1992, met Oekraïne en die Baltiese state wat deur Rusland bedreig word

Lituaie front aan die Oossee wat Rusland weer begeer. In die Sowjet-dae het die Russe hoë-sekuriteit militêre basisse in die Baltiese lande onderhou, en baie gebiede was heeltemal buite perke vir besoekers. Een so 'n stad was Tartu in Estland, Rusland se belangrikste Bearbomwerperbasis aan die Oossee. Nou kan besoekers vrylik na Tartu reis. Die United Church of God, uitgewer van *Beyond Today*, hou kerkdienste en het 'n kantoor daar. Die bomwerperbasis is verlate.

Maar weereens, wat hou die toekoms in? Terwyl ek etlike jare gelede

in Estland was, het 'n paar van my Russiese vriende van St. Petersburg af gekom om my te besoek. Hulle was sigbaar ongelukkig oor 'n nuwe visumvereiste vir Russe wat Estland binnekam, 'n gebied wat 'n paar jaar terug deel van Rusland was en op daardie stadium 'n maklike rit vir hulle was. "Laat hulle hulle gang gaan—vir nou," het hulle gespot terwyl hulle hul gevoelens oor 'n vry Estland uitgespreek het. Dié beskouing word deur baie gedeel.

EEUE ONDER OUTORITÊRE DIKTATUUR

Rusland se omringing deur ander

nasies het 'n beduidende rol gespeel in die vorming van die Russiese nasionale karakter en die imperialistiese dryfkrag van sy leiers (sien "Rusland se Geografiese Vooruitsigte" op bladsy 10). En nog 'n belangrike faktor in die nasionale psige is eeue van die een of ander vorm van outokratiese heerskappy.

Vanaf 1240 tot ongeveer 1480 nC was die Russe onderworpe aan Mongoolse heersers. Hierdie byna 250 jaar van buitelandse heerskappy is nog steeds in die Russiese gedagtes geëts en lei in 'n mate tot xenofobiese reaksie op die naburige Chinese, toegerus met kernwapens, wat die Russe vyf tot een oorskry en 'n grens van 4,345 kilometer deel waar militêre botsings by geleentheid in afgelope dekades plaasgevind het. (Rusland en China staan egter nou meer saam in opposisie teen Amerika en ander Westerse moondhede).

Na die Mongoolse heerskappy het die regimes van die tsare (die term 'n derivatief van "Caesar") Rusland vir byna vier eeue lank oorheers—van 1547 tot 1917.

Hulle despotiese beheer is aangehelp en aangemoedig deur die Russies-Ortodokse Kerk wat mense onderdruk het met 'n buitengewone toepassing van die 13de hoofstuk van Romeine, wat sê: "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang" (verse 1-2).

Soos Europa deur die Renaissance en Hervorming en tot in die Verligting voortgegaan het, het Rusland in die Middeleeuse verlede vasgeval en die tsare het voortgegaan om genadeloos

teenoor die teenstanders te wees. Onderdanigheid aan totalitêre onderdrukking was 'n Russiese kenmerk.

KOMMUNISTIESE REVOLUSIE EN DIE GEVOLGE DAARVAN

Nadat die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek het, het Rusland erge verliese en nederlae gely weens onbevoegde leierskap, tesame met miljoene ongelukke. Die onderdrukke mense kon uiteindelik nie meer die korrupte regering verdra nie en 'n opstand deur vroue in St. Petersburg was die vonk wat in 'n staatsgreep opgevlam het. Die laaste tsaar, Nikolaas II, is in die Februarie 1917-revolusie ontroon. Hy en sy gesin is toe in Julie 1918 tereggestel.

Die nuwe voorlopige regering was van korte duur en is later in dieselfde jaar in die Oktober-revolusie omvergewerp deur die Bolsjewieke, wat die kommunistiese staat geskep het. 'n Langdurige burgeroorlog tussen die "Rooies" (Bolsjewieke) en die "Wittes" (anti-sosialistiese faksies) het geëindig met 'n Bolsjewieke oorwinning en die stigting van die Sowjetunie in 1922. Sy eerste leier, Vladimir Lenin, is kort daarna in 1924 oorlede.

Lenin is opgevolg deur een van die wreedste menslike leiers van alle tye, ten minste wat skaal betref, Josef Stalin. My ma is in Stalin se Oekraïne gebore. Stalin se uiters brutale 29-jarige absolute heerskappy van die USSR was gevul met gruweldade, insluitend suiwerings, uitsettings, gedwonge verplasings, gevangenisstraf in arbeidskampe, vervaardigde hongersnood, marteling en dade van massamoord en slagtings. Die totale aantal slagoffers van Stalin word gedebatteer, maar na raming is dit in die tienmiljoene, behalwe dié wat as gevolg

van die Tweede Wêreldoorlog dood is.

My Oekraïense ma was agt jaar oud toe sy Stalin se doelbewuste verhongering van die mense van Oekraïne in 1933 oorleef het. Ses miljoen mense het daardie jaar gesterf. Soos sy my later sou vertel, het sy onthou dat die lyke van die dooies buite huise in haar dorp geplaas was om deurlopend opgelaa te word.

In 1949, nie lank nadat ek gebore is nie, het my ouers as vlugteling na die Verenigde State gekom. Ek onthou hoe mense wat saam oorgekom het gejuig het met die aankondiging van Stalin se dood in 1953. Psigopaties en immoreel, het hierdie bese diktator hoegenaamd geen agting vir menselewe gehad nie en enigiemand wat verdink was as 'n bedreiging vir sy mag, uitgeskakel.

Verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog

Die Tweede Wêreldoorlog, in die USSR bekend as die Groot Patriotiese Oorlog, was 'n wrede konflik wat Duitsland se Operasie Barbarossa wat in Junie 1941 begin het, afgeweer het. Diegene onder Russiese heerskappy het gely onder die dood van miljoene deur die Eerste Wêreldoorlog, die Bolsjewistiese Rewolusie en Burgeroorlog en Stalin se suiwerings, en nou het hulle nog 20 tot 40 miljoen militêre en burgerlike sterftes beleef. Dit is verbysterende getalle—ondenkbaar vir ons!

Toe ek in 1967 na die Sowjetunie gereis het om vir 'n tydskrifredakteur en universiteitsprofessor, wat toe 38 jaar oud was te vertaal, het hy opgemerk hoe hy 'n totale afwesigheid van mans van sy ouderdom gesien het. Hy was reg. Hulle het nie bestaan nie. Van diegene in die USSR wat op 19-jarige ouderdom in die Tweede Wêreldoorlog die weermag

betree het, het slegs een uit 'n honderd teruggekeer.

Terwyl ek 'n militêre begraafplaas in Kharkov, Oekraïne, besoek het, het ek steen na steen met inskripsies gesien en gevra wat hulle verteenwoordig. Daar is aan my gesê dat elke klip 14,000 dooies verteenwoordig!

Sowjet-begraafplase en gedenktekens is groot. Ek was in Stalingrad (nou Volgograd) kort ná die onthulling van die indrukwekkende 38-meter hoë Mamayev Hill Moeder Rusland standbeeld ter ere van die miljoene wat in die geveg daar gesterf het. Duitse generaals was verstom oor Russiese militêre leiers wat so min respek vir hul manskappe gehad het dat hulle groot getalle vorentoe gestuur het as kanonvoer. Vandag sien ons ontsagwekkende oorlogsgedenktekens in Kiëf en Moskou, met groot eer en respek wat aan die dooies betoon word. As daar maar net sulke eer aan hulle betoon was terwyl hulle gelewe het!

Kommunisme se ondergang en nuwe hoop nou verpletter

Die geskiedenis van die Sowjetunie is inderdaad ellendig, asook sy ekonomie en mislukte samelewing. Die ideologie van kommunisme wat die Sowjet-regering hard probeer het om in die harte en gedagtes van sy bevolking te vestig, het nooit werklik wortelgeskiet nie.

Toe ons in 1967 deur die USSR gereis het, was ons verras oor die lae opbrengs van die groot kollektiewe staatsplase. Daarteenoor was die klein private erwe wat mense toegelaat was, baie produktief—'n aansienlike deel van die nasionale produkte kom uit hierdie klein tuine.

Begrippe van gelykheid en geregtig-

heid is gesien as die grondslag van kommunisme, maar sy voorstanders het die menslike natuur grootliks verkeerd verstaan. Daar is vir mense gesê hulle is in 'n “werkersparadys,” maar almal het geweet hulle was nie. Soos die nasionale grap gegaan het, mense *het* wel gelyk geword—*almal was ewe arm*.

In 1985 het Gorbachev aan bewind gekom ná byna sewe dekades van nasionale tragedie en ekonomiese mislukking onder 'n onderdrukkende sosialistiese diktatuur. Die land het gebuk gegaan onder ernstige stagnasie en ekonomiese probleme. Gorbachev het probeer om revolusionêr te wees en het 'n tweeledige benadering ingestel om die nasie te laat herleef. Hy het *glasnost* of “oopenheid” aan die publiek geïnisieer—dit wil sê openhartigheid in die bedrywighede van die regering, wat gelei het tot 'n toename in vryheid van spraak. Die ander punt was *perestroika*, wat herbouing of herstrukturering beteken.

Terwyl ek gedurende hierdie tyd deur die USSR gereis het, was daar gesê dat dit vyf jaar, of dalk 10, of miskien 'n generasie sou neem voor die werklike veranderinge wat die mense wou hê, daar sou wees.

Deur vryheid van uitdrukking toe te laat, het Gorbachev egter opgekropte passies en politieke idees ontketen wat in 'n onverwagte stormloop na vore gekom het. Ekonomiese hervorming

was stadig en ondoeltreffend. Resultate waarop mense gehoop het, het nie gerealiseer nie. Met hul nuwe vryheid het die Sowjet-volk teen Gorbachev gedraai, en dit het sy ondergang beteken.

Dit het direk gelei tot die ontbinding van die USSR op 26 Desember 1991—die verskillende lande van die unie het nou



President Vladimir Poetin glo sy missie is om Rusland terug te neem na sy vorige glorie as 'n wêreldsupermoondheid.

onafhanklike state geword. Boris Yeltsin het toe oorgeneem as die eerste president van die Russiese Federasie. Hy is op 31 Desember 1999 deur voormalige KGB-offisier Vladimir Poetin, opgevolg.

Drome van 'n beter wêreld bly onvervuld

Dit het aanvanklik gelyk asof ons 'n nuwe beskaafde Rusland sou sien wat van sy tradisionele verlede van oorlogvoering en intimidasie sou draai. Ongelukkig was dit nie so nie. Dieselfde gees wat die tsare en Sowjetbase gedryf het, is lewe nog en floreer.

Wikimedia

So hoopvol as wat ons eens was oor ’n verandering in die aard van nasies en mense, lui die woorde van die profeet Jesaja uit: “Die weg van vrede ken hulle nie, en daar is geen reg in hulle spore nie” (Jesaja 59:8).

Op een Russiese reis het ek ’n lang gesprek met ’n vroulike kondukteur op ’n trein gehad. Sy het gevra: “Waarom wil julle oorlog hê as ons vrede wil hê?”

Ek was verstom dat sy dit sou dink! Wat was sy geleer? Hoe was haar gedagtes so gemanipuleer?

Die hartseer ervaring van die geskiedenis is die van een strydende tragedie na die ander. Wat nou op die horison in hierdie streek is, sal na verwagting tot meer ellende lei deur ’n onderdrukkende regering, oorlog en dood. Dit raak my diep, want ek het baie in hierdie deel

van die wêreld gewerk en het dit lief. My voorvaderlike wortels is hier.

Die Russiese mense kan van die vrygewigste, gasvryste, vriendelikste mense wat vir ander omgee wees, wat u ooit sal vind. Dieselfde geld vir Oekraïners. Ek ken so baie omdat ek nie net in hierdie lande gereis het nie, maar ook deur humanitêre en kerklike inisiatiewe saam met hulle werk.

Maar omdat die Russiese volk so insiklik en nederig teenoor gesag kan wees, gee hulle hulself onwetend oor aan opportunistiese leiers wat slinks leentes van mag vul en dan omdraai en hulle misbruik, onderdruk en vernietig, soos blyk uit ’n reeks strydlustige leiers van Rusland en die USSR. Poetin is bloot die mees onlangse manifestasie hiervan.

Wat gaan Poetin volgende doen?

Rusland se Geografiese Vooruitsigte

Rusland maak dikwels nie sin vir die Weste nie. In 1939 het Engeland se oorlogstydse eerste minister, Winston Churchill, gesê: “Rusland is ’n probleem toegedraai in geheimsinnigheid, in ’n raaisel.” Maar met inagneming van die

Dit is ’n ryk land, nie net in landbou nie, maar ook in minerale, met enorme olie- en gasreserwes in Siberië.

Ten spyte van sy massiewe grootte, het Rusland amper geen toegang tot die oop see en natuurlike paaie na die res

so beskryf: “Soos ’n reus wat in ’n groot toegemaak is met net ’n speldegat vir lig en lug, het die groot landmassa van die Moskouse-ryk maar ’n enkele hawe besit: Archangel, aan die Wit See. Hierdie unieke hawe, ver van die Russiese hartland, is slegs 130 myl suid van die Noordpoolsirkel. Ses maande van die jaar is dit grys.”

Peter die Grote het ’n oorlog teen Swede geveg om ’n ander uitweg na die wêreld te kry—hy het moerasgrond met toegang tot die Oossee van hulle af geneem en St. Petersburg daar in 1703 gestig. Sels vandag moet skepe van St. Petersburg egter verby Finland, Estland en Pole vaar, onder ’n brug wat Denemarke met Swede verbind, dan verby Noorweë en die Verenigde Koninkryk om die Atlantiese Oseaan te bereik.

In die suide het die Ottomaanse Turke lank die Swart See beheer. En toe die Russe uiteindelik toegang daartoe verkry het, moes hul skepe nog deur die nou

Bosporus-sstraat, onder twee Turkse brûe vaar, dan deur die Dardanelle en die lengte van die Middellandse See voordat hulle deur die Straat van Gibraltar kon gaan om oop see te bereik.

Sommige van Rusland se grootste riviere vloei nêrens nie. Die Wolga mond uit in die Kaspiese See wat deur land omring word. Groot Siberiese riviere vloei noord in die bevrore Arktiese gebied in. Dit is ’n baie ongemaklike geografie wat bygedra het tot die frustrasie en aggressiwiteit van Russiese heersers met groot ambisies op die wêreldtoneel. (Die geografie van die Verenigde State en Brittanje, daarenteen, is baie anders, met volop riviere en warmwater hawens en hawens met volle beheer van sleutel vlootpoorte.)

Hierdie geografiese tekortkominge het gehelp om die Russiese nasionale psige te vorm, wat ’n xenofobiese standpunt bevorder het—’n intense of irrasionele afkeer of vrees vir mense van ander lande.



mag in die hande van hierdie nasie moet ons probeer om, wat Russe die *Rodina* of Moederland noem, te begryp.

Rusland is groot en oorbrug 11 tydsones en strek dus halfpad om die wêreld.

van die wêreld. Dit het ’n kritieke rol gespeel in die vorming van die Russiese ingesteldheid. In sy boek *Peter the Great: His Life and World* het skrywer Robert Massie die 17de-eeuse Rusland

Wikimedia



Die Bybel sê 'n tyd van herstelling—vir Russe, vir Oekraïners, vir alle mense—kom, maar dit is nog nie hier nie.

Hy lyk ongestoord deur wat die Weste doen en blyk vasberade te wees om te herwin wat verlore gegaan het met die opbreek van die USSR. Hy wil hê dat die hulpbronne en 45 miljoen mense van Oekraïne deel moet wees van 'n nuwe Russiese ryk. Sal hy daar stop? Die Weste bly tegemoetkomend in gesprek met Rusland ten spyte van groot leuens in die Sowjet-styl en ontkenninge oor sy optrede. Maar met krag en 'n gebrek aan weerstand kan jy doen wat jy wil.

(Een aspek hiervan om in ag te neem is dat, soos in die volgende hoofstuk uiteengesit word, Bybelprofesie die opkoms van 'n herleefde Europese-gesentreerde Romeinse Ryk in die laaste dae voorspel. Rusland se onlangse optrede het gelei tot ernstige besprekings onder die Euro-

pese nasies om weg te draai van hulle afhanklikheid van die Verenigde State vir hul veiligheid, en om sekuriteitsake in eie hande te neem, insluitend die stigting van 'n Europese militêre mag.)

Wag op die gewisse oplossing

Diegene van ons met sterk bande met die mense in hierdie gebiede het ook sterk gevoelens en begeertes dat hulle vrede en 'n normale lewe moet geniet. En selfs afgesien van sulke bande, behoort almal medelye te voel met diene wat onder sulke benarde toestande ly. Tog voel ons menslik hulpeloos oor wat ons kan doen. Wat is die antwoord?

In 'n lang profetiese uiteensetting van eindtydgebure, het Jesus Christus gesê dat in die laaste dae voor Sy wederkoms

“sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het” (Matteus 24:21). So erg sal dit wees, sê Hy verder, dat as daardie dae “nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie” (vers 22, beklemtoning regdeur bygevoeg). Dit is onheilspellend dat menslike uitwissing deur massavernietiging nou moontlik is!

Maar hier is die goeie nuus vir 'n wêreld wat die bedreiging van kernoorlog en katastrofiese verwoesting in die gesig staar. Jesus het toe gesê: “Maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.” Die mensdom sal oorleef!

Hierdie tydperk van groot eindtydse rampspoed word in baie verskillende Bybelprofesieë voorspel. Die uitkoms is egter altyd ingryping en redding. Dit is waar ons ons vertrou en hoop plaas. Ons hoef nie in vrees te leef nie. Ons geloof moet in die vertroostende en gesaghebbende woorde van Jesus Christus, ons Verlosser, wees.

'n Tyd van herstelling—vir Russe, vir Oekraïners, vir alle mense—kom, maar dit is nog nie hier nie. Ons leef in die kritieke tyd net voor dit. Ons sien gretig daarna uit, maar ons moet nog 'n rukkie wag.

Terselfdertyd wat ons hierdie verskriklike dae van oorlewing nader, het die wêreld byna universeel tot die laagste vlakke van gedrag gesink. Desondanks gee die Bybel ons duidelik opdrag om aan hoop vas te klou en die weë van God aan te neem en vas te hou, terwyl ons die einde van hierdie era nader.

Die beloftes van die era wat kom is die moeite werd om voor te wag. Vir dié

van daardie tyd sê God: “En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee” (Esegieël 36:26). Inderdaad, God sê: “En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees” (Joël 2:28)—op alle mense, die Russe en Oekraïners en alle ander mense. God sal ons eie natuur verander na Sy eie liefdevolle natuur!

Maar wat van nou? Moeilike en uitdagende tye lê voor, maar God gee die van ons wat Hom nou sal volg die krag en leiding om te oorleef en te oorwin! Hy beveel ons om die manier waarop ons dink te verander, om die nuwe hart wat Hy vandag aan ons wil gee, te aanvaar.

Soos Jesus self vir ons sê: “Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:15). Die woord wat hier as “bekeer” vertaal word, beteken om 'n mens se gedagtes of doel te verander—om van ons eie weë af te wyk en om God en Sy weë te soek.

Wat is God se leiding vir ons vandag? “Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag” (Handelinge 2:40).

Ons hoef nie hulpeloos en hopeloos te voel met die toenemende duisternis wat oor hierdie wêreld kom nie. Terwyl die wêreld deur verskriklike verwoesting sal steier, wat klaarblyklik kernoorlog en ander massavernietigingswapens sal insluit, sal dit nie die einde van die menslike ras—of van God se plan vir die mensdom wees nie. Dit gaan eers baie sleg voor dit beter gaan en 'n nuwe, glorieryke tyd kom—miskien nie so lank as wat ons dink nie. Dan sal daar uiteindelik wêreldvrede wees. Mag dit vinnig kom!

fccscafeine/Stockphoto/Thinkstock

Waar Pas Rusland in Eindtydse Profesie?

Meer as drie dekades ná die ineenstorting van die Sowjetunie in 1991, is Rusland besig om homself aggressief op die wêreldtoneel te laat geld, wat vrese vir 'n hernieude Russiese ekspansionisme laat ontstaan. Hoe kan dit gebeur volgens Bybelprofesie?

deur Mario Seiglie

Met die voortgesette aggressie van Rusland teen voormalige Sowjetblokklande Georgië en Oekraïne, is Europeërs en ander bure baie bekommerd uit vrees dat dit ook na ander Europese gebiede soos Estland, Letland en Litaue, wat aan Rusland grens, sal versprei.

God se “tydmasjien”

Natuurlik sal baie lesers wil weet wat die Bybel oor Rusland te sê het. Hierdie land is een van die groot wêreldmoond-

hede, met een van die wêreld se mees formidabele, moderne en goed toegeruste weermagte.

Dit het ook verreweg die grootste grondgebied van enige nasie op aarde—met byna twee keer die landmassa van die wêreld se tweede grootste land, Kanada.

Ons het nie 'n kristalbal nie, maar ons het iets baie beter—God se Woord. Soos God in Jesaja 46:9-10 gesê het, “Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander



Enige Europese geleide inval in die Heilige Land, soos voorspel in hierdie profesie, sal deur Moslems in hierdie streke as nog 'n “Kruistog” teen Islam beskou word.

nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen”—dit wil sê, Hy sal doen wat Hy wil. Net Hy weet vir seker wat die toekoms inhou!

Die apostel Petrus het geskryf van “die profetiese woord ... waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van

God gespreek” (2 Petrus 1:19-21).

Die Bybel kan dus in 'n sekere sin as 'n soort tydmasjien beskou word wat gebeurde van die verlede, hede en toekoms vanuit God se oogpunt, getrou beskryf. Hoewel profesie baie oor gebeurde wat in antieke tye plaasgevind het te sê gehad het, is daar nog een tydperk wat voorlê waarna dit na meer as enige ander verwys. Daar word in die Skrif deur verskeie terme na dit verwys, soos “die voleinding van die wêreld,” “die laaste tye” en “die laaste dae.”

God openbaar wat gedurende hierdie tydperk, onmiddellik voor die wederkoms van Christus, sal gebeur. Natuurlik is Hy in staat om te weet wat in die toekoms gaan gebeur en Hy weet watter nasies betrokke sal wees gedurende

hierdie deurslaggewende tyd. Een van hulle, uit die historiese en geografiese beskrywing wat in die Bybel gegee word, blyk Rusland te wees.

Dit is belangrik om daarop te let dat wanneer profesieë in die Skrif vermeld word, dit gewoonlik vanaf die uitgangspunt van die Heilige Land, die land Israel en sy hoofstad Jerusalem, gegee word. God beskryf dit as die plek waarheen Jesus Christus eendag sal terugkeer om die hele aarde te regeer.

Die profeet Sagaria noem selfs waar Christus Sy voete sal plaas wanneer Hy na hierdie planeet neerdaal: “En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant ... En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde” (Sagaria 14:3-4, 9).

So waar pas Rusland in? Uit die geografiese beskrywing wat in ’n Bybelse profesie gegee word, is daar ’n sterk aanduiding dat Rusland ’n beduidende rol in eindtydgebeure sal speel.

Leërs versamel vir ’n geveg

Kom ons kyk na ’n beskrywing van die eindtyd in die boek Daniël, wat na ’n aantal van die betrokke nasies verwys.

Let op wat dit in Daniël 11:40 tot 12:3 sê: “Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide [vanuit die perspektief van die Heilige Land] met hom [’n koning van die Noorde] in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorvloed. Hy sal ook kom in die Pragtige Land, en baie sal struikel; maar hierdie volke sal uit sy

hand vryraak: Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon.

“En hy [die koning van die Noorde] sal sy hand uitsteek teen die lande; ook Egipteland sal nie vrykom nie. En hy sal mag hê oor die skatte van goud en silwer en oor al die kosbaarhede van Egipte, terwyl die Libiërs en die Kusiete sy voetstappe volg. Maar gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom verskrik; daarom sal hy met groot woede uittrek om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref. En hy sal sy paleis-tente opslaan tussen die see en [of by] die berg van die heilige Prag; maar hy sal aan sy einde kom, en daar sal vir hom geen helper wees nie.

“En in dié tyd sal Mígaël, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal ’n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat ’n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elk een wat in die boek opgeskrywe staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryflik. En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.”

Dit is belangrik om hierdie laaste paar verse in die konteks in te sluit omdat sommige Bybelvertolkers glo dat hierdie gedeelte eintlik oor ’n tyd in die verlede praat. Maar soos u duidelik kan lees, verwys hierdie gebeure na die laaste dae, kort voor Jesus Christus se terugkeer en die opstanding van die dooies by Sy koms (vergelyk 1 Korintiërs 15:22-23; 1 Tessalonisense 4:16), iets wat nog nie gebeur het nie.

Ons het dus in hierdie gedeelte ’n blik

op eindtydse konflik tussen verskeie alliansies van nasies, een gelei deur ’n heerser genaamd “die koning van die Suide,” ’n ander bekend as “die koning van die Noorde” en dat kragte uit “die ooste en uit die noorde” (of moontlik “noordoos,” waarvoor daar geen ekwivalente Hebreeuse term is nie) vanaf die

Romeinse Ryk” of ’n ekwivalente term genoem).

Byvoorbeeld, die alliansie van Adolf Hitler en Benito Mussolini (wat in Italië verkondig het dat hy ’n vorm van die antieke Romeinse Ryk herstel) het uiteindelik gelei tot die wêreldwye bloedbad—die Tweede Wêreldoorlog.



Bybelprofesie gee sterk aanduiding dat Rusland ’n belangrike rol in eindtydgebeure sal speel.

Heilige Land, uiteindelik tot die stryd sal toetree.

Ons dek hierdie profesie van Daniël in meer diepte in ons gratis studiegids *The Middle East in Bible Prophecy*. Hier sal ons ’n paar hoogtepunte uitlig.

Die konings van die Noorde en die Suide

Gedurende die tyd waarin Daniël hierdie profesie geskryf het, was die streek van die koning van die Noorde deur die Persiese Ryk regeer. Dit was toe deur die Griekse Ryk verower en was daarna deur die Romeinse Ryk in beslag geneem. Alhoewel die oorspronklike Romeinse Ryk in 476 nC in duie gestort het, was daar in Europa periodieke herlewings tot in die 20ste eeu (dikwels “die Heilige

Hierdie “koning van die Noorde,” die finale herlewing van die Europees-geentreerde Romeinse Ryk, wat die Dier in die boek Openbaring genoem word, is bestem om, soos ons dit verstaan, ’n laaste keer te herrys—in die tyd van die einde (om meer te wete te kom, laai af of versoek ons gratis studiegids, *The Final Superpower*, by ucg.org.za). Na provokasie sal die Europese heerser se magte die lande van ’n finale koning van die Suide bestorm en beset.

Ons kan uit Daniël 11 sien dat die eindtydse koning van die Suide ’n leier sal wees wat ’n konfederasie van nasies, hoofsaaklik suid van Israel sal aanvoer, maar dit sal ook nasies vanuit die ooste en weste insluit aangesien die Skrif verskeie van hulle noem—Edom, Moab,

Ammon (hul antieke gebied maak nou 'n groot deel van die moderne Jordanië uit), Egipte, Libië en Ethiopië.

Let daarop dat die Skrif van hierdie streek sê dat “baie sal struikel” (insluitend Israel), wat impliseer dat dit ander nasies in die algemene omgewing oos, suid en wes van Israel kan insluit wat nie by name genoem word nie. Die twee algemene faktore in die spesifieke lande wat genoem word, behalwe die Glorieryke Land van Israel, is dat hulle meestal van Arabiese afkoms, en hul godsdien Islam, is.

Dit blyk dat hierdie konfederasie van die Suide hoofsaaklik bestaan uit Arabiese nasies met Islam as hul godsdien—miskien 'n wedergebore Islamitiese kalifaat, al lank die droom van miljoene Moslems. Dit is ook die droom van baie Moslems om Europa te verower—om die glorie van vroeëre Islamitiese ryke te herleef wat dele, of die hele Spanje, Portugal, Frankryk, Oos-Europa, Sisilië en Italië binnegeval en in sommige gevalle vir eeue beheer het.

Oor die afgelope jare het verskeie Moslemleiers en godsdienstige figure gespog met hul begeerte om Rome, wat hulle sien as die setel van Europa en die Christendom, te verower—die verowering in hul gedagtes sou die superioriteit van Islam bo die van Christendom bewys.

Ander nie-Arabiese lande soos Pakistan, wat tientalle kernplofkoppe besit en Iran, wat dit binnekort kan hê, is ook byna heeltemal Islamities—so ook die Arabiese nasies wat saam kan staan om Iran se oorheersing oor hulle te voorkom. Daar moet onthou word dat verskeie militante faksies van die Islamitiese godsdien baie in die Weste verras het, soos al-Qaeda en die

sogenaamde Islamitiese Staat (algemeen bekend as ISIS), wat vir 'n ruk 'n groot deel van die wêreld vanaf die Atlantiese kus van Noord-Afrika, tot by Afghanistan en Indië, ontwrig het. Hulle mag en reikwydte is aansienlik verminder en byna verpletter deur Westerse ingryping, in sommige gevalle na jare van bloedige konflik teen beide plaaslike bevolkings en buitelandse vegters. Nietemin illustreer die vinnige opkoms van ISIS hoe die regte toestande gelowiges van regoor die wêreld in 'n groot mag kan oproep as hulle glo dat die saak regverdig is.

“Gerugte uit die ooste en uit die noorde”

Waar Rusland blykbaar in Daniël se profesie voorkom, is die aanduiding dat nadat die koning van die Noorde die Heilige Land binnegeval het, “'n berig uit die ooste en die noorde sal hom dan ontstel” (Daniël 11:44, *Nuwe Lewende Vertaling*). Aangesien verskeie nasies in hierdie streek deur die koning van die Noorde binnegeval en verower sal word, gaan daar natuurlik 'n reaksie van groot moondhede na die noorde en ooste (of weer, moontlik noordoos) van daardie streek wees.

Aan die oostekant van die Heilige Land lê 'n groot groep Moslem-nasies wat ontstoke sal wees oor 'n orname van Islam se derde-heiligste stad, Jerusalem. Onder hulle is Jordanië, Irak, Saoedi-Arabië, Koeweit, Katar, Bahrein, Oman, die Verenigde Arabiese Emirate, Iran, Afghanistan, Pakistan en verskeie oorgewegend Moslem-nasies uit die voormalige Sowjetunie, plus Indië en Indonesië met hul 200 miljoen Moslems elk. Noord van die Heilige Land is nog meer Moslem-nasies—Libanon, Sirië

en Turkye, plus gebiede van Rusland met groot Moslembevolkings.

Enige Europese geleide inval in die Heilige Land, soos voorspel in hierdie profesie, sal deur Moslems in hierdie streke as nog 'n “Kruistog” teen Islam beskou word. Alhoewel dit vir Westerse ore vreemd klink, is dit presies wat baie Moslems die VSA-geleide invalle in Irak en Afghanistan genoem het. In die gedagtes van miljoene Moslems het die Kruistogte nooit geëindig nie en Islam bly in 'n oorlog teen die Christendom in 'n stryd om oppergesag—soos ons vandag sien in die woorde en optrede van baie djihadiste.

Ongetwyfeld sal 'n Westerse orname van Jerusalem en die Heilige Land baie Moslems bymekaar laat kom om die “Kruisvaarders” te beveg en uit te stoot—presies soos wat in Irak en Afghanistan gebeur het en wat gelei het tot vernederende Westerse onttrekkings en die gevolglike chaos namate militante Islamitiese groepe die leemte gevul het.

'n Blik op 'n kaart wys dat anderkant hierdie Moslem-nasies en bo die Midde-Ooste (en oos van die gebied van die Europese koning van die Noorde) net een groot mag is, en dit is Rusland. Moskou is amper direk noord van Israel en as die korrekte vertaling van die betrokke vers die “noordooste” is, pas dit steeds by Rusland, aangesien sy grondgebied verder na die ooste strek as enige ander Asiatiese moontheid. Maar die profesie beperk nie die betrokkenheid tot een nasie nie, en dit lyk waarskynlik dat 'n groep Asiatiese nasies betrokke sal wees—die wat hierbo genoem is plus die een wat nou die dominante nasie in Asië is—China. Ons sal binnekort meer hieroor in 'n ander profesie sien.

Daar moet bygevoeg word dat Rusland om politieke, ekonomiese, militêre en godsdienstige redes 'n intense belangstelling in die Midde-Ooste het. In die afgelope 200 jaar het 'n historiese patroon na vore gekom wanneer Europese moondhede probeer het om die Midde-Ooste te verower—vroeër of later sal Rusland gewoonlik betrokke raak, aangesien hierdie streek sy nasionale belange aansienlik beïnvloed.

“Konings van die ooste”

Weereens, Daniël 11:44 vertel ons dat “gerugte uit die ooste” (as dit 'n enkele rigting is) die koning van die Noorde baie sal pla. Waarna kan dit verwys?

Die boek Openbaring, wat op aspekte van Daniël se profesie uitbrei, beskryf twee groot aanvalle wat die Eufraat-rivier, die antieke grens tussen die Romeinse Ryk en teëstanders in die ooste, sal behels. Hierdie aksie uit die ooste sal ongetwyfeld in reaksie wees op die orname van die Heilige Land deur die koning van die Noorde—en in vergelding vir 'n maande lange veldtog van foltering met klaarblyklik gevorderde wapentuig wat deur die Europese Diermagte uitgevoer word, waarna verwys word in Openbaring 9 as die eerste van drie weë (verse 1-12; vergelyk 11:7; 17:8).

Die oostelike magte sal 'n massiewe leër van 200 miljoen man vorm en 'n oënskynlike teenaanval loods wat die tweede weë genoem word, wanneer 'n derde van die mensdom doorgemaak sal word—klaarblyklik deur die ontkenning van massavernietigingswapens (Openbaring 9:13-18). Dan later, net voor die terugkerende Jesus Christus na die aarde neerdaal, sal 'n mag, gelei deur “die konings [heersers] ... van die ooste”



Die oostelike moondhede sal 'n massiewe leër van 200 miljoen man vorm en sal 'n oënskynlike teenaanval loods wat die tweede wee genoem word, wanneer 'n derde van die mensdom doodgemaak sal word—klaarblyklik deur die ontketening van massavernietigingswapens (Openbaring 9:13-18).

die Eufraat, wat dan opgedroog het, oorsteek in die sesde van die sewe laaste plaes, waarna gesamentlik verwys word as die derde wee (Openbaring 16:12).

Soos hierbo genoem, is daar 'n groot aantal Moslem-nasies oos van die Heilige Land. Selfs verder oos is die groot moondhede van Indië, China en Japan, plus ander Islamitiese nasies soos Indonesië en Maleisië. Sommige van hierdie nasies kan waarskynlik 'n alliansie vorm aangesien die Midde-Ooste ook vir hulle van nasionale belang is. Midde-Oostelike olie is baie belangrik vir sommige van hulle en dié van die Islamitiese geloof in Asië kyk na Jerusalem en Mekka en Medina, in Saoedi-Arabië, as hul heilige stede.

Dit is duidelik dat dit vir hulle onaanvaarbaar sal wees om te sien hoe hul heilige stede met oorname deur 'n Euro-

pese moondheid bedreig word. Met 'n Europese mag wat ten minste 'n deel van die Midde-Ooste regeer, sal die balans van mag en rykdom nou verskuif en teen hierdie moondhede draai.

Nog 'n moontlikheid vir die identiteit van hierdie oostelike magte kan China en sy Asiatiese bondgenote, insluitend Rusland wees, wat dikwels gemeenskaplike ekonomiese, politieke en ekonomiese belange deel. Trouens, 'n groot aantal van hierdie Asiatiese nasies, insluitend die Asiatiese Moslem-nasies, is reeds formeel saamgesnoer in 'n blok genaamd die Sjanghai Samewerkingsorganisasie, wat deur China oorheers word. Daar moet opgelet word dat 'n profesie in Esegieël baie van hierdie lande saam voeg in 'n koalisie teen Israel, 'n rukkie na Christus se wederkoms, maar dit is redelik om te sien hoe hulle selfs

voor Sy koms saamgevoeg sal word (sien “Gog, Magog en die Vors van Ros, Meseg en Tubal” wat op bladsy 22 begin).

Enige aantal faktore kan hierdie Asiatiese moondhede in 'n Midde-Ooste konflik intrek, soos 'n bedreiging vir olievoorrade en lewensbelangrike see-weë, of enige gewaarwording dat 'n magtige Europa daarop gemik is om sy mag ooswaarts uit te brei. China en Indië, met bevolkings van onderskeidelik ongeveer 1,44 en 1,38 miljard, kan beslis bydra tot 'n groot militêre mag en Rusland se militêre mag en tegnologie is steeds formidabel.

Daar moet opgelet word dat die Asiatiese moondhede en ander regoor die wêreld hulle aanvanklik tot 'n mate aan Europese ekonomiese en militêre oorheersing kan onderwerp, aangesien Openbaring toon dat die hele wêreld die Dier, of Babilon soos dit ook genoem word, sal aanbid. Maar dit sal nie lank duur nie.

Die Bybel sê aangaande die Europese koning van die Noorde dat hy sal veg teen diegene wat uiteindelik 'n alliansie teen hom sluit en sal “met groot woede uittrek om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref” (Daniël 11:44).

Weereens sien ons twee belangrike bewegings van geopolitieke magte na die ooste en noorde van die Heilige Land, anderkant die Eufraatrivier, en verskeie leidende kandidate om hierdie magte te vorm. Dit sal waarskynlik die groot aantal Moslems regoor Suid-Asië sowel as die mense van Rusland, China, Indië en Japan insluit.

Die laaste opmars om met Europese magte in die Heilige Land te veg sal daartoe lei dat hulle by Armageddon, of Megiddo in die noorde van Israel, bymekaar sal kom, maar hulle sal nie

daar teen mekaar veg nie. Inteendeel, hulle sal teen Christus, wat dan na Jerusalem neerdaal daar beveg, en Hom as hul gemeenskaplike vyand sien—en in daardie groot geveg sal beide die Europese en oosterse magte vernietig word. (Om meer te wete te kom, laai af of versoek ons gratis studiegids *The Middle East in Bible Prophecy*.)

Dit blyk dus dat die opkoms van Russiese mag en Russiese verwickelinge met China en ander Asiatiese moondhede bestem is om 'n groot impak te hê op hierdie eindtydgebure wat tot Christus se wederkoms lei. Dit betaam ons dus om waaksaam te wees wanneer ons na wêreldnuus kyk wat oor hierdie leidende nasies handel.

Uiteindelik goeie nuus vir Rusland en die res van die wêreld

Tog is daar uiteindelik goeie nuus vir Rusland—en vir die res van die wêreld. Jesus Christus kom terug om 'n einde te maak aan menslike politiek, hebsug en oorlog.

Een van die mees bemoedigende skrifture in hierdie verband word gevind in Jesaja 2:2-4, wat beskryf wat sal gebeur nadat hierdie tyd van wêreldwye onrus verby is en Christus kom om die nasies te regeer.

Dit is ons hoop en uiteindelijke doelwit om deel te wees van Sy komende Koninkryk—want dan sal daar oplaas vrede en harmonie op aarde wees. Wil u ook deel van daardie Koninkryk wees? Dit is waarvoor *Beyond Today* uiteindelik gaan.

Ons bied u hierdie verse uit Jesaja 2:2-4 aan om te oordink, aangesien hulle daardie wonderlike komende oplossing vir oorlog beskryf: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van

die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom.

“En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van

Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

“En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal

van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.”

Merkwaardig genoeg het die Sowjet-unie ’n standbeeld wat hierdie skrif-

tuur uitbeeld aan die Verenigde Nasies geskenk. Maar die mens kan, ten spyte van sy beste pogings, nie op sy eie vrede bereik nie. Gelukkig sal God die vrede bring wat die mensdom al lank soek.

Gog, Magog en die Vors van Ros, Meseg en Tubal

deur Tom Robinson

Benewens die meer algemene profesieë wat ons in Daniël 11:44, Openbaring 9:13-19 en 16:12-16 gesien het van moondhede noord en oos van die Heilige Land wat teen ’n finale herlewing van die Romeinse Ryk opkom, is daar klaarblyklik ’n spesifieke vermelding van Rusland saam met ander Eurasiese nasies wat in ’n profesie opgeteken is in Esegieël 38 en 39. Hier lees ons van ’n massiewe eindtydse inval in die land van Israel deur ’n koalisie van magte wat uit die verre noorde kom onder leiding van “Gog, in die land Magog” en die verdere onderskeid van “die vors van Ros, Meseg en Tubal” (Esegieël 38:2-3). Sommige glo dat hierdie inval die wederkoms van Jesus Christus sal voorafgaan en dink dat dit nou enige dag sal gebeur. Maar die bevoording van die profesie maak dit duidelik dat wat dit beskryf ’n kort rukkie na Christus se koms sal plaasvind—alhoewel hierdie koalisie voor Sy koms kan saamkom en heel moontlik verteenwoordig kan word deur die oosterse moondhede wat hierbo genoem is.

Kom ons let meer op oor die beson-

dere mensegroepe wat hier uiteengesit word. Hierdie Gog van Magog en die vors van Ros, Meseg en Tubal is in ’n alliansie met Persië, Kus en Put (laasgenoemde twee word tipies aangedui as Ethiopië en Libië), sowel as die nasies Gomer en Togarma. Hierdie verskillende volke word in die tabel van nasies in Genesis 10 gelys, wat die families wat van Noag afstam toon. Van sy seun Jafet het verskeie volke gekom, onder andere Gomer, Magog, Tubal en Meseg. Van Noag se seun Gam het die volke van Kus en Put gekom, wat blykbaar die oorsprong van die Afrika-volke is, maar daar is meer hieraan verbonde.

Magog beteken die land van Gog, wat dalk ’n hoë heerser aandui en die inwoners was deur die Assiriërs Mat Gugi genoem. Deur antieke skrywers en geografiese studies kan ons die bewegings van hierdie mense oor die grasvlaktes van suidelike Rusland tot in die land van China naspeur. Van hulle het van die Sentraal-Asiatiese Turkse volke gekom saam met die Mongole en Moghuls en ander, in die

omgewing van China. Baie van die oostelike Turke kom blykbaar ook van Togarmah, wat hierbo genoem is—hulle het in die vroeë Bybelse tye in Klein-Asië en Armenië gewoon. Die Mushki en Tabali, wat op Assiriese monumente genoem word, het aan hulle gegrens. Uiteindelik het hierdie mense noord van die Kaukasusberge na die gebied van Rusland gegaan. *The Scofield Reference Bible* merk op dat die “verwysing na Meshech en Tubal (Moskou [die Russiese hoofstad] en Tobolsk [in Wes-Siberië]) ’n baie duidelike teken van identifikasie is”.

En dan is daar die naam *Ros*. Sommige sien dit as die Hebreeuse woord vir “hoof” en vertaal dit as “hoofvors” eerder as “vors van Ros.” Tog sien baie *Ros* as ’n naam, veral aangesien die Mitanni-koninkryk langs die antieke Mushki en Tabali bekend geword het as die land van RASHU, ’n woord wat blond aandui. Weereens, antieke geskiedkundiges help ons om die mense van RASHU tot in suidelike Rusland op te spoor. Dit word algemeen onder Westerse geleerdes geglo

dat Rusland sy naam afgelei het van die Varangian Rus, Sweedse Wikings, maar Sowjet-historici het aangevoer dat die Rus Slawiërs van die suidelike grasvlaktes was. Dit is moontlik dat daar ’n kombinasie van faktore was. In elk geval, dit is redelik om tot die gevolgtrekking te kom dat Ros, Meshech en Tubal, soos genoem in Esegieël, westelike, sentrale en oostelike Rusland aandui wat tot die weste van Sibirië strek, met oostelike Sibirië wat baie van die Turkse mense van Togarma bevat.

Gomer wat in die eindtyd-alliansie genoem word, is klaarblyklik die mense van Suidoos-Asië, die Khmer-ryk gesentreer in Angkor in Kambodja wat tot honderde jare in die Middeleeue geduur het, die naam wat in die Khmer-mense van Kambodja bewaar is.

Persië is moderne Iran asook sekere gebiede waarheen van die ou Perse gemigreer het. Ons het tot dusver rekenskap gegee vir ’n groot deel van Asië, behalwe vir die Indiese subkontinent van Suid-Asië. Maar die mense van daardie gebied word klaarblyklik ook genoem. Dit lyk

dalk vreemd dat Kus en Put die volke van Afrika aandui maar dit help wanneer ons besef dat die mense van antieke Kus in twee rigtings uit antieke Babilon migreer het. Sommige het na Afrika gegaan as die Ethiopiërs en ander het na Indië gereis en hul naam aan die Hindu Kush-berge en ander plekke gegee. Net so blyk dieselfde waar te wees van Put, wat nie net die Libiërs in die weste geword het nie, maar hul naam aan die Rajputs (wat heersers van Put beteken) in Indië gegee het. Dus, Kus en Put in hierdie profesie dui dalk glad nie die Afrika-takke van hierdie families aan nie, maar kan eerder uitsluitlik betrek-

die begin van Christus se duisendjarige heerskappy weer in hulle land versamel is, wanneer hulle geen materiële wapens nodig sal hê nie, omdat hulle onder die direkte beskerming van Christus en Sy heiliges en engele sal wees.

Hoe sal dit gebeur? Ons weet uit Openbaring 16 en 19 dat wanneer Christus terugkeer, oosterse magte in die Heilige Land sal inkom om die Europese Dier-magte te konfronteer, maar dat albei saam vernietig sal word wanneer hulle probeer om Christus te beveg by Sy koms. Neem egter in ag dat die Eurasiëse leër ongelooflik groot is en waarskynlik steeds ver oor Eurasië sal

Die hele wêreld sal gou vrede hê, met niemand wat ander seer sal maak of vernietiging veroorsaak regdeur God se Koninkryk nie. Die aarde sal dan vol wees van die kennis van God soos die waters wat die see bedek (Jesaja 11:9-10).

king hê op die Asiatiese-takke in Indië en Pakistan—en sodoende die groot Eurasiëse koalisie afrond.

Wat die tydsberekening van hierdie eindtydse inval onder leiding van China en Rusland betref, hou in gedagte dat hulle die land Israel, met sy ballinge wat teruggekeer het, beskou as ’n land van vrede, sonder mure, tralies of poorte—maklike buit vir ’n indringer. Dit beskryf beslis nie Israel vandag nie, wat ’n werklike muur en verdedigings-installasies het wat dit beskerm. Israel is tot die tande toe gewapen. Die tyd wat die beste pas by wat in Esegïël 38 en 39 beskryf word, is nadat die Israeliete aan

strek, met slegs die voorhoede van hierdie mag wat sy weg in die Heilige Land gemaak het wanneer Jesus diegene wat daar teen Hom veg, vernietig.

Klaarblyklik sal hierdie magte hergroepeer en probeer om te bepaal wat gebeur het en sal steeds nie begryp of glo dat die goddelike Messias die heerskappy van die planeet oorgeneem het nie. Na ’n geruime tyd sien hulle die terugkerende ballinge as oënskynlik swak en onbeskermd en sal hierdie Eurasiëse magte die Heilige Land instroom om dit te verower. Maar die inval sal nie goed eindig vir hierdie volke van Magog, Ros, Mesech, Tubal

en hul bondgenote nie. Vir ’n lang tyd daarna sal mense hul oorskot begrawe en hul toerusting verbrand.

Ons kan hier sien dat die verowering van die wêreld deur goddelike magte klaarblyklik in fases sal wees. Jesus sal nie die wêreld op een slag oorneem nie. Dit begin by Israel en brei dan uit na die omliggende nasies en uiteindelik na die hele wêreld, maar dit is ’n proses wat ’n geruime tyd sal neem. Daar sal hierdie een, laaste stryd wees, en dan vrede vir die res van die Millennium. Daar is geen aanduiding in die Bybel van enige groot militêre weerstand daarna of gedurende die Millennium nie. Die Skrif praat wel oor die bestraffing van mense wat ver weg is en om dissipline te bring deur in sommige gevalle reën te weerhou—daar kan dus af en toe probleme hier en daar wees in die vroeë jare van die Millennium. Maar die hele wêreld sal gou vrede hê, met niemand wat ander seer sal maak of vernietiging veroorsaak regdeur God se Koninkryk nie. Die aarde sal dan vol wees van die kennis van God soos die waters wat die see bedek (Jesaja 11:9-10).

Daar moet egter opgelet word dat daar een laaste stryd teen God sal wees aan die *einde* van die Millennium wanneer Satan uit die gevangenis vrygelaat word om die nasies weer te mislei, soos beskryf in Openbaring 20:7-10. Daar word na diegene wat hom volg om God se volk aan te val, verwys as “Gog en Magog.” Sommige glo die inval in Esegïël 38 en 39 is dieselfde as dié in Openbaring 20, maar daar is verskeie aanduidings dat dit verskillende konflikte is. Let byvoorbeeld op dat daar

gesê word dat die nasies in Openbaring 20 van “die vier hoeke van die aarde” af kom, wat die hele wêreld beteken en nie die spesifieke geografiese gebied van Eurasië waarna in Esegïël verwys word nie. Dit blyk dat ons bedoel is om die Gog en Magog-inval naby die begin van die Millennium te verstaan as ’n tipe en voorloper van die finale rebelse inval deur mense van alle etnisiteite aan die einde van die Millennium. In beide gevalle word die vyande van God oorwin en Sy mense verlos.

Terwyl die inval wat in Esegïël 38 en 39 beskryf word nie op hande is soos sommige beweer nie, aangesien dit die wederkoms van Christus sal volg, beteken dit nie dat ons tekens van hierdie ontwikkelende koalisie moet ignoreer nie. Soos reeds opgemerk, kan dit heel moontlik wees dat dit voor Christus se wederkoms sal vorm in opposisie teen die Europese Dier-mag wat in Europa sal opkom. Trouens, ons kan selfs vandag die begin van hierdie koalisie sien met die versterkende bande tussen Rusland, China, Indië, Iran en ander Asiatiese moondhede. Die ledelers van die Sjanghai-samewerkingsorganisasie onder leiding van China lewer feitlik dieselfde lys van nasies wat in Esegïël se profesie aangedui word. Daar is selfs nou al baie om op bedag te wees in hierdie verband.

Vir meer besonderhede oor die identiteite van Gog en Magog en Ros, Mesech, Tubal en hul bondgenote, lees ons aangelyn kommentaar oor Esegïël 38 en 39 op ons webwerf (beskikbaar by ucg.org/bible-study-tools/bible-commentary/bible-commentary-ezekiel-38-39).

Rusland se Invloed op Amerika en die Wêreld

Die kommunistiese rewolusie wat meer as 100 jaar gelede in Rusland begin het, het uiteindelik baie nasies in sy greep meegesleur. Hoewel die Sowjetunie in 1991 in duie gestort het, gaan Rusland se invloed op Amerika en die res van die wêreld voort op maniere wat min mense besef of will erken.

deur Scott Ashley

Russiese verkiesingsinmenging het nie die Amerikaanse presidentskap vir Donald Trump in 2016 gewen nie, soos baie politieke teëstanders aangevoer het, maar dit behoort geen verrassing te wees dat Rusland, lank 'n mededinger van die Verenigde State, sou probeer om die uitslag op een of ander manier te probeer beïnvloed nie. Daar is geen twyfel dat Rusland, soos die meeste ander belangrike wêreldmoondhede, lankal probeer het om die res van die

wêreld tot sy voordeel te beïnvloed.

Sommige van daardie pogings, soos om ander nasies met geweld binne te val, was duidelik en openlik. Ander pogings—soos dié wat ons hier weer sal na kyk—was baie meer subtiel, maar net so gevaarlik op die lang termyn!

Russiese doel van wêreldoorheersing

Lank voordat die kommunistiese rewolusie Rusland oorweldig het, het

Karl Marx, een van die intellektuele argitekte van kommunisme saam met Friedrich Engels, geskryf: “Die beleid van Rusland is onveranderlik. Sy metodes, sy taktiek, sy manoeuvres kan verander, maar die poolster van sy beleid, *wêreldoorheersing*, is 'n vaste ster” (beklemtoneur deurgaans bygevoeg).

Toe Rusland kommunisties geword het, het dit inderdaad probeer om die wêreld te oorheers deur kommunisme te *versprei*. Na die 1917-rewolusie het ander voormalige gebiede van die Russiese Ryk in 1922 saamgespan om die Unie van Sosjalistiese Sowjetrepublieke (USSR) te vorm. Om sy invloed uit te brei, het die Sowjetunie kommunistiese fronte in baie lande gevestig deur werkersvakbonde, jeug- en sportorganisasies, humanitêre hulpgroepen en dies meer.

Gedurende dieselfde tydperk het die hoofsekretaris van die Kommunistiese Party van die Sowjetunie, Joseph Stalin, 'n voormalige kweekskoolstudent wat 'n meedoënlose geharde kommunis geword het, mag gekonsolideer. Sy doelwitte om Rusland te transformeer het daartoe gelei dat miljoene na gevangenskampe gestuur en tereggestel is, en nog miljoene het as gevolg van hongersnood gesterf.

Nadat die Sowjetunie in die Tweede Wêreldoorlog gehelp het om die Spilmoondhede te verslaan, het die Sowjetunie beheer oor 'n groot deel van Oos-Europa verkry waar dit kommunistiese regerings in baie lande gevestig het. Die USSR het ook openlik kommunistiese aksies in Sentraal- en Wes-Europa sterk ondersteun en weer baie kommunistiese frontorganisasies regoor die wêreld gestig deur vakbonde en jeug-, vroue- en vredesgroepen.

Namate konflik tussen die Weste en die Sowjetunie saam met sy Oosblok-satellietnasies gegroei het, het die Koue Oorlog begin—'n dekade lange tydperk van spanning en wedywering wat soms veroorsaak het dat hewige oorloë tussen die groot moondhede se gevolmagtigdes uitbreek het, soos in Korea en Viëtnam.

In 1949 het die Sowjets 'n groot slag geslaan toe China geval het tot Mao Zedong se kommunistiese revolusionêres—wat gelei het tot die teregstelling van 1 tot 2 miljoen grondeienaars en die latere sterftes van sowat 45 miljoen as gevolg van hongersnood in Voorsitter Mao se “Groot Sprong Vorentoe” sosiale hervorming.

“Ons sal julle begrawe!”

Die Koue Oorlog-spanning het al hoe meer gespanne geword namate Rusland (en later China) atoombomme ontwikkel het, kort daarna gevolg deur baie kragtiger waterstofbomme. Verhou-

“Rusland se beleid is onveranderlik. Sy metodes, sy taktiek, sy manoeuvres kan verander, maar die poolster van sy beleid, *wêreldoorheersing*, is 'n vaste ster.”

dinge tussen Oos en Wes het aan die einde van 1956 die laagtepunt bereik toe Sowjet-premier Nikita Khrushchev tydens 'n onthaal by die Poolse ambassade in Moskou aan 'n groep Westerse diplomate gespog het: “Of julle daarvan hou of nie, die geskiedenis is aan ons kant. *Ons sal julle begrawe!*”

Toe Khrushchev hierdie woorde gespreek het, het 'n derde van die wêreld se bevolking onder een of ander vorm van 'n kommunistiese regering gelewe.

Benewens die Sowjetrepublieke sou die volgende lande een of ander tyd in hul geskiedenis kommunisties word: Afghanistan, Albanië, Angola, Benin, Bosnië en Herzegovina, Bulgarye, Kambodja, China, Kroasië, Kuba, die Tsjeggiese Republiek, die Demokratiese Republiek van Kongo, Oos-Duitsland, Eritrea, Ethiopië, Hongarye, Laos, Mongolië, Montenegro, Mosambiek, Noord-Korea, Pole, die Republiek van Masedonië, Roemenië, Serwië, Slowakye, Slowenië, Somalië, Viëtnam en Jemen.

Die Sowjets het hard gewerk aan hulle doelwit van ’n wêreld wat deur kommunisme oorheers sal word. Vir baie het dit gelyk of Khrushchev se grootpratersy dalk waar gaan word!

Dit is hier waar die geskiedenis van Russiese pogings om Amerika en die Weste te beïnvloed regtig interessant word.

Verslaan die Weste op ander maniere

Met die Sowjetunie en die Verenigde State wat tot die tande toe gewapen was met kernwapens, het albei kante gewet dat ’n algehele oorlog nie ter sprake was nie. Albei het erken dat kernoorlog onoorwinbaar is omdat ’n groot deel van die wêreld in ’n kernslagting vernietig sou word.

Dus het die Sowjets hulle tot ander metodes, wat in die 1920’s en 30’s suksesvol bewys was, gewend—die infiltrasie van die Weste deur kommunistiese frontgroepe, organisasies en agente. Sulke pogings het nooit werklik opgehou gedurende die jare tussenin nie; hulle het nou eenvoudig toegeneem.

Op 26 Maart 1947 het J. Edgar Hoover, die direkteur van die *Federal Bureau of*

Investigation (of *FBI*), wat kommunistiese invloed sedert 1919 beveg het, die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers Komitee oor On-Amerikaanse Aktiwiteite toegesprek. Hy het gewaarsku teen wydverspreide kommunistiese pogings om die Amerikaanse samelewing te infiltrer—spesifiek deur Hollywood-rolprente, radiovermaak, vakbonde, die federale regering en verskeie frontorganisasies.

Hy het opgemerk dat die FBI in die vorige paar jaar byna 6,500 sake ondersoek het waar staatsamptenare vermoedelik betrokke was by organisasies wat die omverwerping van die Amerikaanse regering bepleit het, wat daartoe gelei het dat byna 2,000 werknemers bedank het of ontslaan was.

Hy het gewaarsku dat selfs regeringsprogramme as fronte gebruik word om kommunistiese/sosialistiese doelwitte te bevorder. Hy het gewaarsku dat selfs godsdiens en onderwys vrugbare grond was vir die bevordering van kommunistiese ideologie:

“Ek vrees solank as wat skoolrade en ouers toestande duld waardeur kommuniste en meelopers, onder die dekmantel van akademiese vryheid, ons jeug ’n lewenswyse kan leer wat uiteindelik die heiligheid van die huis sal vernietig, wat geloof in God ondermyn, wat veroorsaak dat hulle respek vir gestelde magte minag en ons hooggeagte Grondwet saboteer.”

In 1959 het Hoover ’n boek gepubliseer met die titel *Masters of Deceit: The Story of Communism in America and How to Fight It*. In die voorwoord het hy gewaarsku: “Daar bestaan geen twyfel dat Amerika nou die vernaamste teiken van internasionale kommunisme is nie ... Maar ons sal dalk nie leer om te erken

Russiese en Amerikaanse Oorheersing Voorspel deur Karakterassessering

deur Tom Robinson

Vir ’n halwe eeu na die Tweede Wêreldoorlog was die wêreld in twee verdeel in terme van internasionale mag—die Amerikaans-geleide vrye wêreld en die Russies-geleide Sowjetunie en Oosblok.

Merkwaardig genoeg is hierdie bipolêre wêreld meer as ’n eeu vroeër amper profeties voorspel deur die Franse politieke historikus Alexis de Tocqueville in sy 1835-boek *Democracy in America* op grond van nasionale karakter en omstandighede.

Neem in ag dat toe die volgende geskryf is, die Britse Ryk die oorheersende mag op aarde was. Rusland, terwyl dit ’n groot maagdelikheid was, was nog geensins ’n wêreldwye supermoondheid nie (dit was byna ’n eeu voor die Sowjetunie) en so ook nie die nuutgevormde Verenigde State wat nog in sy voor-Burgeroorlog dae was nie. Die nasionale karakter wat De Tocqueville in 1835 beskryf het, bly diep ingeburger:

“Daar is tans twee groot nasies in die wêreld, wat van verskillende uitgangspunte af begin het, maar dit lyk asof hulle na dieselfde doel neig. Ek sinspeel op die Russe en die Amerikaners ... Dit lyk asof alle ander nasies amper hul natuurlike perke bereik het, en hulle hoef net hul mag te behou; maar Amerika en

Rusland is nog steeds besig om te groei ... Hulle alleen vorder met gemak en spoed langs ’n pad waarop geen beperking waargeneem kan word nie.

“Die Amerikaner sukkel teen die struikelblokke wat die natuur hom gee; die teëstanders van die Russe is mense. Eersgenoemde beveg die wildernis en die onbeskaafde lewe; laasgenoemde, beskaving met al sy vertakkings. Die verowering van die Amerikaner word dus deur die ploegskaar verkry; dié van die Russe deur die swaard.

“Die Anglo-Amerikaner maak staat op persoonlike belang om sy doel te bereik en gee vrye ruimte aan die ongeleide krag en gesonde verstand van die mense; die Rus sentreer al die gesag van die samelewing op ’n enkele doelwit. Die hoofdoel van eersgenoemde is vryheid; van laasgenoemde, serwituut. Hulle beginpunt is verskillend en hulle koers is nie dieselfde nie; tog lyk dit asof elkeen van hulle bestem is deur die wil van die Hemel om die lotgevalle van die helfte van die aardbol te beïnvloed.”

Dit is heeltemal verstommend. Dit is duidelik dat daar so iets is soos nasionale karakter—en dit maak beslis saak.

wie die kommuniste is, wat hulle doen, en wat ons self dus moet doen om hulle te verslaan nie, voordat dit te laat is.”

Voorspellings van 'n getransformeerde Amerika en getransformeerde wêreld

In 1958, terwyl Hoover *Masters of Deceit* geskryf het, is nog 'n boek met die titel *The Naked Communist* gepubliseer. Die skrywer daarvan, Cleon Skousen, was 'n polisiehoof, prokureur en voormalige FBI-agent wat 'n groot deel van sy FBI-loopbaan spandeer het om kommunistiese ideologie, metodologie en infiltrasie te bestudeer, net soos Hoover. Die boek was baie gewild en mettertyd het meer as 'n miljoen eksemplare verkoop.

Wat merkwaardig is van *The Naked Communist* is 'n afdeling waarin Skousen 45 “huidige kommunistiese doelwitte” gelys het. Nadat hy kommunisme jare lank as 'n FBI-agent ondersoek het, was Skousen baie vertrouwd met die doelwitte, planne en metodologie daarvan. Sy lys was so insiggewend dat dit op 10 Januarie 1963 in die Kongresrekord geplaas is.

Spasie laat ons nie toe om al 45 doelwitte te lys of kommentaar daaroor te lewer nie. Belangstellende lesers kan hulle aanlyn vind, in Skousen se boek, of in die 2011-boek *The Naked Truth: The Naked Communist—Revisited* deur James Bowers. Ons sal egter 'n paar van die gelyste doelwitte hier ondersoek—met inagneming dat dit meer as 60 jaar gelede gepubliseer is.

Kommunistiese doelwitte wat op die internasionale terrein bereik is

Met die ineenstorting van die Sowjet-

unie in 1991, is dit duidelik dat 'n aantal van die doelwitte op die lys nie uiteindelik bereik sou word nie. Maar dit is verstommend hoeveel daar in so 'n kort tyd behaal was!

- Nommer 7 op die lys was byvoorbeeld “*Verleen erkenning aan Rooi China. Laat Rooi China toe tot die VN.*” Van 1945 tot 1971 was die Republiek van China (nou bekend as Taiwan) 'n stigtingslid van die Verenigde Nasies en een van die vyf permanente lede van die Veiligheidsraad. Maar in 1971 het die kommunistiese diktatuur, die Volksrepubliek van China, VN-lidmaatskap sowel as die Veiligheidsraad setel (en geïmponeerde vetoreg) van die Republiek van China gekry—met laasgenoemde wat sonder seremonie uit die VN geskop is, die enigste nasie wat ooit so geskors is!

- Nommer 44 op die lys was “*Internasionaliseer die Panamakanaal.*” Nadat dit in 1914 geopen was, was die Panamakanaal beskou as een van die sewe wonders van die moderne wêreld en het alle nasies bevoordeel. Maar in 1977, na meedoënlose druk van die Amerikaanse president Jimmy Carter en Panamese diktator Omar Torrijos, het die Amerikaanse senaat die verdrag afgeskaf waarvolgens Amerika die kanaal beheer het, wat gelei het tot die geleidelike oordrag daarvan aan Panama in 1999. Terwyl Panama nou die kanaal besit, wie besit en bestuur die hawens wat verkeer deur die kanaal beheer? Twee Chinese maatskappye wat sterk bande met die kommunistiese Rooi Chinese regering het!

- Nommer 43 op die lys was “*Omverwerping van alle koloniale regerings voordat inheemse bevolkings gereed is vir selfregering.*” Terwyl vryheid 'n groot seën is, kan vryheid wat op die verkeerde tyd

of te vroeg, sonder behoorlike paraatheid gegee of verkry is, uiteindelik 'n straf word.

Die lys van lande wat onafhanklikheid gegee is sedert 1958, toe Skousen hierdie woorde geskryf het, sluit baie nasies in wat geteister word deur oorloë, korrupsie, hongersnood, burgerlike onrus en feitlik elke mens-veroorsaakte ramp denkbaar—meestal as gevolg van die feit dat hulle glad nie gereed of in staat was tot selfregering nie. Die meeste

Terwyl die Sowjetunie self 'n generasie gelede in 1991 in duie gestort het, bly die tentakels van kommunisme lewendig en floreer in die sosialisme wat deur Westerse regerings versprei het.

is vandag baie slegter daaraan toe as toe hulle deur ander nasies regeer is.

Transformeer Amerika en die Weste van binne

Die drie geopolitieke doelwitte wat hierbo gelys is, het beslis die internasionale aansien van Amerika en die Weste verswak. Maar net so, indien nie skadeliker nie, was die doelwitte wat daarop gemik was om die Westerse samelewing van binne te verswak. Kom ons let op 'n paar:

- Nommer 28: “*Elimineer gebed of enige vorm van godsdiensuitdrukking in die skole op grond daarvan dat dit die beginsel van 'skeiding van kerk en staat' skend.*” In 1962 en 1963 het die Amerikaanse Hooggeregshof gebed en die lees van die Bybel van openbare skole weggeëem en daarmee gebruik beëindig wat sedert die land se stigting vir byna twee eeue lank algemeen was. Hierdie besluite het God in werklikheid nie net uit Amerika se openbare skole verdryf nie, maar uit die openbare lewe.

Die raamwerk van openbare skoolkurrikulums het verskuif na 'n nihilistiese, evolusie-gesentreerde standpunt, met 'n verwoestende impak op die lewens van miljoene skoolkinders.

- Nommer 40: “*Diskrediteer die gesin as 'n instelling. Moedig promiskuiteit en maklike egskeding aan.*” Die gesin word duidelik vanuit elke rigting aangeval. In 1960 was daar 'n groot kulturele rewolusie in die Verenigde State. Geboortebeperkingspille het grootliks een van die

groot gevolge van buite-egtelike seks verwyder, en die tempo van voorhuwelikse seks het die hoogte ingeskiet. Vanaf 1958, toe Skousen hierdie doelwitte gelys het, tot 1990, het egskedingsyfers meer as verdubbel. Nou eindig ongeveer die helfte van Amerikaanse huwelike in egskedings. Die egskedingsyfer het in meer onlangse jare afgeplat, maar net vir die eenvoudige rede dat baie paartjies vandag glad nie meer die moeite doen om te trou nie!

- Nommer 25: “*Breek kulturele standaarde van moraliteit af deur pornografie en onweloweglikheid in boeke, tydskrifte, rolprente, radio en TV te bevorder.*” Hierdie doelwit is so deeglik bereik dat 'n meerderheid Westerslinge nie meer bewus is van 'n tyd toe vermaak nie deurtrek was met seks, naaktheid, vloektaal, badkamerhumor en walglikheid nie. Pornografie is nou so wydverspreid op die internet en elektroniese toestelle dat sommige navorsers skat dat die gemiddelde ouderdom van eerste blootstelling aan pornografie agt is.

• Nummer 26: “Stel homoseksualiteit, degenerasie en promiskuiteit voor as ’normaal, natuurlik en gesond.” Voordat gebed en die lees van die Bybel in Amerikaanse skole verbied was, was dit algemeen dat ’n sekere vlak van moraliteit geleer was. Hoe het dit nie verander nie! Vandag gee baie skoolstelsels gratis kondome aan studente uit (met seks-opvoedingsklasse wat grafiese demonstrasies gee oor hoe om dit te gebruik). Sommige skole het ouers woedend gemaak deur klasse te gee oor homoseksuele en lesbiese seks, transgender-eksplorاسie, en oor die algemeen enige en alle vorme van seksuele eksplorاسie aan te moedig.

• Nummer 17: “Kry beheer oor die skole. Gebruik dit vir die oordrag van sosialisme ... Modereer die kurrikulum. Kry beheer oor onderwysersverenigings. Plaas die beleid in handboeke.” Benewens voorbeelde soos dié hierbo, is openbare skole se opvoedkundige kurrikulums in die afgelope dekades radikaal verander namate linksgesinde onderwysers en administrateurs beheer gekonsolideer het.

Skole en universiteite het inderdaad instansies vir die “oordrag” van sosialistiese idees geword tot op die punt dat die duidelike meerderheid van Amerikaners onder die ouderdom van 30 nou sosialisme positief beskou en nie kapitalisme of vrye onderneming ondersteun nie. Terwyl Amerikaanse onderwysbesteding op of naby die hoogste in die wêreld is teen meer as R200,000 per student, is Amerikaanse studente skaars bogemiddeld in wetenskap, wiskunde en leesvaardighede in vergelyking met ander beskaafde lande—met punte wat stagneer of afneem.

Baie studente gradueer van hoërskool

en is nie in staat om te lees nie of benodig remediërende klasse in die kollege. Gewapende wagt en die polisie is ’n vaste instelling by baie skole. Dit alles in ’n nasie wat vir dekades ’n voorbeeld vir die wêreld was!

Wat is die bron van u waardes en geloof?

Die wêreld vandag, die menslike samelewing, is nie God se wêreld nie. Die Bybel sê vir ons dat Satan, die duiwel, “die god van hierdie wêreld” is (2 Korintiërs 4:4). Hierdie bose wese is die een wat vandag oor die aarde heers! Hy mislei die hele mensdom om eerder sy weë as God s’n te volg (Openbaring 12:9). God sê vir ons dat “die hele wêreld in die mag van die Bose lê”—onder Satan se magtige invloed en beheer (1 Johannes 5:19).

Dit was beslis onder Satan se invloed dat Karl Marx, die menslike meesterbrein agter kommunisme, gesê het: “My doel in die lewe is om God te onttron en kapitalisme te vernietig.” Hy het ook gesê: “Die eerste vereiste vir die geluk van die mense is die afskaffing van godsdiens.” Ons moet nie verbaas wees dat ’n goddelose, anti-God-stelsel soos kommunisme miljoene in sy greep hou—of dat dit sal poog om daardie invloed oor die hele wêreld uit te brei nie. Soos baie ander vorme van slegte menslike regerings, is daar ’n kragtige geestelike invloed daaragter.

Terwyl die Sowjetunie self ’n generasie gelede in 1991 in duie gestort het, bly die tentakels van kommunisme lewendig en floreer in die sosialisme wat deur Westerse regerings versprei het. Soos Vladimir Lenin self dit gestel het, “Die doel van sosialisme is kommunisme.”

Ons moet nie vergeet dat een van die

belangrikste Amerikaanse presidentskandidate in 2016 en weer in 2020 ’n openlike sosialis was wat ’n sosialistiese beleid verkondig het nie. ’n Onlangse opname deur die *American Culture and Faith Institute* het getoon dat 40 persent van alle Amerikaners nou sosialisme bo kapitalisme verkies. Dit is duidelik dat baie die agtergeblewe, verbrokkelende ekonomieë en mislukte sosialistiese en kommunistiese regerings van ’n generasie gelede vergeet het en nie die gevaar sien van die rigting wat Amerika en die Weste inslaan nie. (Vir meer oor wat die Bybel oor hul toekoms sê, versoek ons gratis studiegids, *The United States and Britain in Bible Prophecy*, of laai dit van die internet af.)

Ons moet verder onthou dat terwyl die Sowjet-leierskap die vinger gewys het na Westerse nasies as toenemend dekadent, magteloos en korrup, hulle

doelbewus bygedra het tot daardie afwaartse spiraal deur die ondermyning van Westerse waardes in die hoop om hierdie lande onder kommunistiese heerskappy te bring. Ironies genoeg, veroordeel vandag se Russiese leiers verder die agteruitgang van Westerse moraliteit terwyl Rusland self verskeie aspekte van sy kommunistiese verlede verwerp het. Tog ly sy leiers aan hul eie morele korrupsie, terwyl hulle poog om die Weste verder te verswak terwyl hulle hul eie mag en beheer oor hul eie mense en ander nasies vergroot. Dit is Satan se eie strategie teen die hele mensdom.

Laat ons korrupte invloede weerstaan wat bedoel is om ons te verswak en te vernietig en ons na God en Sy Woord wend vir uiteindelijke verlossing. Gelukkig kom die dag wanneer Hy die Russe, Amerikaners en alle mense in Sy weë van geregtigheid en vrede sal lei.